Skool vir Ekonomie
Universiteit van Kaapstad
Privaatsak X3 Rondebosch 7701
Tel: 27 21 650 5696
Faks: 27 21 650 5697
23 November 2007

Aan wie dit mag aangaan

Die Suider-Afrikaanse Navorsingseenheid vir Arbeidsontwikkeling (Southern Africa Labour Development Research Unit, oftewel SALDRU) aan die Universiteit van Kaapstad onderneem tans 'n nuwe nasionale opname, die **Nasionale Studie oor Inkomstedinamika** (**National Income Dynamics Study**, oftewel NIDS). Hierdie opname sal die dinamika van lewensonderhoud in Suid-Afrika ondersoek, met die doel om 'n dieper insig te kry in die welstand van Suid-Afrikaners en hul huishoudelike strukture, en hoe dit oor verloop van tyd verander. In die lig van hierdie doelstellings versoek ons 'n geskikte volwassene in die huishouding om 'n huishoudingsvraelys in te vul wat vrae bevat oor inwoners en ander lede. Daarna sal elke inwoner bo die ouderdom van 15 gevra word om 'n vraelys in te vul. 'n Ouer (of ander persoon in wie se sorg die kinders is) sal ook gevra word om 'n kort vraelys oor elke kind in die huishouding in te vul. Ons sal onder meer vrae vra oor waarvandaan die lede van hierdie huishouding afkomstig is, oor hul vlak van opleiding, hul werknemerstatus, hul gesondheid, inkomstes, uitgawes en bates in die huishouding. Ons sal die lengte, gewig, en bloeddruk van alle inwoners meet en 'n kaart met hierdie inligting vir hulle gee.

In 2008 sal huishoudings in u gemeenskap deel uitmaak van omtrent 8 000 huishoudings en ongeveer 32 000 mense van regoor Suid-Afrika met wie onderhoude gevoer sal word. Die veldwerk vir die opname sal teen die einde van Januarie 2008 'n aanvang neem en tot Mei 2008 duur. Ons sal ná die opname met u in kontak bly aangesien ons oor twee jaar graag nog 'n onderhoud met u sal wil voer, en wéér 'n keer verder in die toekoms. Die opvolgbesoeke maak dit vir ons moontlik om te sien hoe u omstandighede oor verloop van tyd verander. Wanneer ons u inligting met dié van die ander huishoudings kombineer, kan ons sien wat Suid-Afrikaners help om vooruit te kom en wat hulle ekonomies terughou.

Verskeie ontwikkelende sowel as ontwikkelde lande het soortgelyke opnames aangesien dit van soveel waarde is met die oog op beleidmaking. Hierdie is egter die eerste nasionale opname van sy soort in Suid-Afrika – en die begin van iets opwindends en belangriks. U huishouding is spesifiek gekies vir ons steekproef. Daarom is u deelname vir ons baie belangrik. Ons het groot waardering daarvoor.

Development Research Africa (DRA) is aangestel om die veldwerk namens NIDS te doen. Wees verseker daarvan dat hulle u hulp en ondersteuning vir die versekering van die suksesvolle afhandeling van hul veldwerk-opdrag hoog op prys sal stel.

Indien u enige verdere inligting oor die studie benodig, kan u die NIDS se projekbestuurder, me Sihaam Nieftagodien, by 0800 11 NIDS (6437) skakel, of andersins mnr David Scott van die DRA by tel. 011 807 1194. U kan ook die webwerf besoek by http://www.nids.uct.ac.za

Vriendelike groete

Prof Murray Leibbrandt
Direkteur, SALDRU en Hoofondersoeker van NIDS